




# 'n Ketelpak om self te maak

Plaas voor- en agterpant opmekaar met regte kante binne.

Stik skouernate (GF), synate (ED), en binnebeennate (BC) toe.

Werk halsrand met skuinsband af.

Plaas belegselsstroke vir voorpantopening in posisie, met regte kante opmekaar. Stik vas en vou belegselsstroke na verkeerde kant om.

Vou elk van die drie hegstrokies waarmee voorste opening toegehou word (sien foto 2) oorlangs dubbel met regte kante opmekaar. Stik nate al met rande langs toe, maar laat 'n opening om stroke na regte kant om te dop.

Ryg dié stroke in posisie aan voorpantopening se rande vas (sien diagram). Bo=stik al met rande van stroke langs.

Bo=stik 6 mm van rand af al met halsrand en voorpantopeningrande langs en stik basis van voorpantopening van punt I tot L (sien diagram) netjies toe.

Stik 'n strokie Velcro agteraan regter-voorpant se hegstrokies vas en langs linker-voorpant s'n (sien diagram).

Stik mounate toe.

Werk moue in posisie in mousgate vas. Soom moue en broekspype smal om. ●

**BENODIGDHEDE:** 3 m materiaal 150 cm breed; 20 cm Velcro; 50 cm skuinsband vir halsafwerking.

**AANWYSINGS:** Vergroot ketelpakpante op ruitjiespapier met ruite van 10 x 10 cm.

**KNIPWERK:** Plaas die twee belegselsstroke van voorpantopening elk op 'n enkele laag materiaal om uit te knip. Al die ander patroononderdele word uit die dubbelgevoude materiaal geknip.

Voeg 'n naattoelating aan elke pant by, want geen nate is op diagram bygereken nie.

**STIKWERK:** Plaas die twee agterpante met regte kante opmekaar. Stik middelagternaat (AB) toe. Plaas die twee voorpante met regte kante opmekaar en stik middelvoornaat (LB) toe.

Vou borand van sak met stippellyn na verkeerde kant om. Bo=stik 2,5 cm van vou af.

Vou sak se rafelrande van M tot N tot O na verkeerde kant om en ryg sakke aan voorpant vas (sien foto). Stik sakke al met voorande langs aan voorpant vas (van M tot N tot O).

